VRAE en ANTWOORDE

(www.dieoogaftree.co.za)

2 Oktober 2011

1. **Is daar al eenhede gereed vir okkupasie?**

- Die eerste eenhede in fase 1 is op 1 Mei 2009 betrek. Teen einde Augustus 2011 was daar reeds meer as 240 voltydse en deeltydse inwoners. Verdere eenhede word deurlopend voltooi en geokkupeer.

- Fase 2 is uitverkoop en in aanbou. Sommige huise in Fase 2 is al betrek.

- Fase 3 is reeds 35% uitverkoop en bouwerk is reeds in proses.

- Fase 4 is in September 2011 bekendgestel en is reeds 32% uitverkoop.

2. **Watter ander fasiliteite en dienste sal beskikbaar wees?**

Die landgoed bied ‘n verskeidenheid fasiliteite wat die volgende insluit:

- Gesondheidsorgfasiliteite – Die gesondheidsorgsentrum wat reeds in gebruik geneem is, maak voorsiening vir kamers vir ‘n apteek, ‘n besoekende geneesheer, tandarts, voetheelkundige, fisioterapeut en kliniek. Die fasiliteit is beskikbaar gestel en professionele gesondheidsorgkundiges van omliggende dorpe word gekontrakteer om die dienste op eie rekening te lewer. Die dienste sal ingefaseer word soos wat dit lewensvatbaar raak a.g.v. die getalle.

  Die Oog bied 4 vlakke van gesondheidsorg wat vir die inwoners mediese gemoedsrus skep:

  Verswaktesorg:

  Is beskikbaar vir eie rekening in ‘n verswaktesorgsentrum wat reeds opgerig is. Dit is ‘n 24-uur versorgingsdiens wat behartig word deur ‘n geregistreerde verpleegsuster. Hierdie vlak van versorging word bepaal deur die gesondheids- en afhanklikheidsvlak van die inwoner en voorgeskryf word deur ‘n gesondheidspraktisyn.

  Midsorg:

  ‘n Tussentydse vlak van sorg vir okkupeerders wat progressief afhanklik en verswak raak. Hierdie vlak van versorging is nie verpligtend nie. Addisionele kostes sal gehef word indien daar van die diens gebruik gemaak word.

  Tuissorg:

  ‘n Diens aan persone wat voltydse of deeltydse versorging tuis benodig. Hierdie vlak van sorg is nie verpligtend nie en dus vir eie rekening.

Voorkomend:

'n Diensvlak wat uitsluitlik daarop gemik is om funksionele onafhanklikheid en 'n aktiewe lewenswyse te handhaaf vir so lank as moontlik en om voortydige verswakking en afhanklikheid te verhoed. Hierdie vlak van versorging is verpligtend vir alle Okkupeerders in die Landgoed.

- **24-uur Verpleeg- en nooddienste**: word met die ander gesondheidsorgdienste op die terrein gekoördineer. Twee Voltydse Susters is reeds aan diens en lewer voorkomende gesondheidsorg en noodreaksiedienste. Kamers en beddens vir herstelperiodes is beskikbaar vir inwoners teen 'n koste, tensy u mediese fonds daarvoor betaal. Personeel sal uitgebrei word soos die behoefte toeneem.

  Die voorkomende gesondheidsorg sluit in gratis maandelikse monitering van inwoners se bloeddruk, cholesterol en glukose, wondversorging, koördinering met mediese praktisyns en organisering van persoonlike pleegsorg. Dié diens is ingesluit in die maandelikse heffing.

- **Geriefswinkel, koffiewinkel, restaurant, teetuin en dameskroeg** word reeds bedryf.

- **Skoonheidspa: haresorg, naelsorg, velsorg**, ens. word deur diensverskaffers voorsien in 'n fasiliteit wat aan hulle beskikbaar gestel is.

- **Byderwetse sekuriteit:** Moderne stelsels met geslote-baan-televisie.

- **Rekenaar- en sake-sentrum**: 'n Tydelike fasiliteit is reeds in gebruik. Dit is toegerus met rekenaars vir internettoegang en algemene gebruik. 'n Drukker en foto-kopiëerder is ook beskikbaar vir inwoners. Die posdiens wat reeds in bedryf is, sal later na hierdie fasiliteit verskuif.

- **Verhitte swembad en borrelbad-sentrum**: Bestaande fasiliteite wat gratis beskikbaar is vir inwoners en hulle gaste. Daar is ook 'n waterglybaan ("super tube") vir die avontuurlustiges, kuiergaste, kinders en kleinkinders.

- **Afdakke vir woonwaens en sleepwaens:** Nuwe fasiliteite sal opgerig en aan okkupeerders verhuur word. Tans word tydelike strukture gebruik.

- **Werkswinkel vir stokperdjies**: Toesluitmotorhuise met ekstra spasie is beskikbaar vir diegene wat hul stokperdjies wil beoefen sonder om ander inwoners van die landgoed te steur. Later sal bestaande lokale in "mini-fabrieke" onder een dak omskep word en aan okkupeerders verhuur word.

- **Kerkdienste**: Kerke van die naburige dorpe is genader om dienste in die bestaande fasiliteite by Die Oog te lewer.

- **Karwas:** Word deur bestaande personeel op 'n koste-verhaal-basis gedoen.

- **Dierehokke:** Sal gebou word en deur bestaande personeel bedryf word op ‘n koste-verhaal-basis. Voorsiening word ook gemaak vir hokke waarin diere gehuisves kan word wanneer hul eienaars met vakansie weg is.

- **Onderhoud en sekuriteit van huise as bewoners met vakansie is:** Gratis diens wat reeds by die maandelikse heffings ingesluit is.

- **Tuin- en huishulpdienste**: Tuindienste word voorsien en elke huis word een keer per week vir 2 ure binne skoongemaak as deel vand ie heffing. Addisionele dienste is beskikbaar teen addisionele koste.

- **Wasgoeddienste:** Word op ‘n kommersiële basis deur bestaande personeel in bestaande fasiliteite gelewer. Muntwasmasjiene **(“laundromat”)** is ook beskikbaar vir eie gebruik.

- **Nutsmandienste**: Word deur bestaande inwoners en personeel op ‘n kommersiële basis gelewer.

- **Grootskerm-televisie**: Reeds beskikbaar en ingesluit in die maandelikse heffing. Dit word gebruik tydens sportuitsendings.

- **Vervoer dorp toe vir inkopies, bankdienste en ander sake:** ‘n Bussie is aangekoop en in gebruik geneem. Dit sal op ‘n gereelde basis beskikbaar gestel word vir die vervoer van inwoners na die dorp.

- **OTM**: Daar is ‘n bestaande outomatiese teller masjien in die hoofkompleks.

- **Naaldwerk- en kunssentrum**: ‘n Fasiliteit sal beskikbaar wees met ‘n snytafel en kabinette vir veilige bewaring van die gebruikers se toerusting en materiale.

- **Affiliasie met gholf-, tennis-, muurbal-, rolbalklubs, ens:** Inwoners kan aansluit by klubs in die omgewing teen baie gunstige tariewe.

- **Sosiale klubs**: Word deur inwoners en personeel gereël.

- **Gimnasium**: vir die gebruik van inwoners en gaste is in beplanning. ‘n Verskeidenheid van tipe oefenprogramme word reeds aangebied, wat insluit Pilatusklasse en watergimnastiek.

3. **Watter sekuriteit bied die landgoed aan my as huiseienaar?**

- ‘n Byderwetse beheerkamer en valhekbeheerpunt word beplan vir toegang tot en uitgang uit die landgoed vir sekuriteitbeheer van inwoners, gaste en kontrakteurs.
- ‘n Afsonderlike voetganger-ingang reguleer toegang van ongemagtigde persone tot die terrein.
- ‘n Digitale kamera-opname-stelsel sal monitering van persone,voertuie en kontrakteurs wat die landgoed besoek, moontlik maak.

- Die sekuriteitspersoneel van die landgoed sal bestaan uit ‘n wag wat 24 uur aan diens is by die beheerpunt by die hek en wagte wat die hele terrein 24 uur lank patroleer. ‘n Stelsel met kontrole-punte op verskeie punte in die landgoed word in werking gestel om die wagte wat die patrolering doen, te monitor.
- Elke eenheid sal eersdaags toegerus word met ‘n panieknoppie en interkom, wat aan die beheerpunt by die hek gekoppel is, wat vinnige reaksie deur die wagte op die terrein moontlik maak in gevalle van paniek-, mediese situasies, brand of kragonderbrekings. Die koste verbonde aan hierdie funksie en die instandhouding daarvan, is by die maandelikse heffing ingesluit.
- Die elektriese heining is voltooi en verdere sekuriteitsmaatreëls volg na voltooing van fase 1 van die ontwikkeling.

4. **Hoe verkry my besoekers toegang tot die landgoed?**

- ‘n Geakkrediteerde besoeker, soos ‘n lid van die gesin, kan permanent toegang verkry deur die huiseienaar wat ‘n aansoekvorm voltooi en by sekuriteit registreer.

- ‘n Nie-geakkrediteerde besoeker word deur die wag by die beheerpunt ontmoet. Hy sal die gasheer van die aankoms van sy gas inlig en die gas toegang tot die landgoed verleen as die gasheer mondelings toestemming gee.

5. **Wat gebeur as ‘n inwoner mediese hulp dringend benodig, veral na-ure?**

- Die verpleegdiens bied ‘n 24-uur rugsteun mediese bystanddiens aan op die landgoed en sal met die geneesheer wat op roep is, skakel. Die verpleegdiens het ‘n noodnommer wat geskakel kan word. In die toekoms sal ‘n interkom en noodknoppie ook beskikbaar gemaak word.

- Daar is ‘n ooreenkoms met ‘n nabygeleë ambulansdiens met ‘n vinnige reaksietyd om ‘n pasiënt na ‘n hospitaal te neem, indien nodig. ‘n Passassiersvervoerdiens is reeds op die terrein beskikbaar.

- Dokters in die omgewing is

DOKTER	**DORP**	**TEL**
FOURIE / KRUGER	NABOOMSPRUIT	014 743 2191 / 083 778 9321 (NA URE)
VORSTER, JD	POTGIETERSRUS	015 431 7344
VAN DER BERG	POTGIETERSRUS	015 491 6324
BREEDT, CAS	NYLSTROOM	014 715 2216
VELDMAN	NYLSTROOM	014 717 1332
ELS, VERNON	POTGIETERSRUS	015 491 3988 / 082 449 2507
TANDARTS	NYLSTROOM	082 418 8352
BOSHOFF	POTGIETERSRUS	015 491 4716
JOUBERT, JOEP		

6. **Waar is die naaste hospitaal?**

   'n Inwoner het n keuse van 'n aantal hospitale en kan besluit waarheen om te gaan. Mense wat in die omgewing woon, verkies dikwels 'n hospitaal in Pretoria, maar daar is ook mediese fonds voorskrifte wat in ag geneem moet word.

Die naaste hospitale is:

- 50 km Mokopane (Potgietersrus) – Voortrekker Hospitaal (publiek)
- 65 km Modimolle (Nylstroom) – FH Odendaal Hospitaal (publiek)
- 84 km Bela Bela (Warmbad) – St. Vincent Hospitaal (privaat) en Warmbad Hospitaal (publiek)
- 100 km Polokwane (Pietersburg) – Medi Clinic (privaat) en Pietersburg Hospitaal (publiek)
- 170 km Pretoria – verskeie privaat en publieke hospitale.

7. **Sal etes beskikbaar wees by die landgoed?**

- Die landgoed restaurant voorsien 1 hoofmaaltyd per dag, 7 dae per week vir alle inwoners. Maaltye kos tans R600 per persoon per maand.

- Maaltye kan ook by eenhede afgelewer word.

8. **Wat is by 'n eienaar se maandelikse heffing ingesluit?**

Die heffings beloop R1 400 tot R1600 per maand (afhangende van die tipe huis) tot in Mei 2012. Die heffing sluit die volgende in vir inwoners en hulle kuiergaste:

- Voorkomende gesondheidsorg en noodreaksie vir mediese noodgevalle;
- Sekuriteit en toegangsbeheer;
- Tuindienste en onderhoud van die geboue, insluitende dakke, verfwerk en terrein;
- Skoonmaakdienste een keer per week binne die huis;
- Waterverbruik, daaglikse vullisverwydering en elektriese aansluiting;
- Toegang tot busvervoer na die dorp en noodvoertuig indien nodig;
- Toegang tot die skoonheidspa, mediese spreekkamers en apteek;
- Gebruik van die swembaddens, Jacuzzi sentrum, sauna, rekenaar- en besigheidsentrum, teetuin, restaurant, dameskroeg, tennisbane, motorwas, mini gholf;
- Toegang tot wasgoeddienste;
- Toegang tot die wildskamp;
- Versekering op die geboue, beide die woning en die gedeelde fasiliteite (nie huisinhoud nie).
- Die eiendomsbelasting van ongeveer R165 per maand.

9. **Is daar 'n heffing-stabilisasiefonds?**

Wanneer 'n eenheid deur 'n eienaar anders as die Ontwikkelaar verkoop word, betaal die verkoper 3% van die koopsom aan die Beheerliggaam in 'n heffing-stabilisasiefonds.

10. **Betaal elke inwoner vir sy verbruik van elektrisiteit?**

Ja, daar is 'n voorafbetaalde meterstelsel in plek en elke inwoner betaal vooruit vir sy/haar verbruik van elektrisiteit.

11. **Is daar enige groep-interaksie in die landgoed?**

- Inwoners reël 'n verskeidenheid sosiale funksies.
- Hoofmaaltye word elke dag saam geniet.
- Die Oog se bussie is beskikbaar vir die vervoer van inwoners na Naboomspruit en sosiale geleenthede.
- Mediese werkswinkels is onder leiding van die verplegingsdiens.

12. **Wanneer word eenhede se vullis verwyder?**

Daar is 'n gereelde vullisverwyderingsdiens.

13. **Hoe oud moet ek wees om 'n eenheid in Die Oog te kan koop?**

- Kopers mag enige ouderdom wees, maar permanente inwoners moet ten minste 50 jaar oud wees.

14. **Mag my kinders by my woon?**

Geen jong kinders word toegelaat om permanent op die landgoed te woon nie. Uitsonderings sal deur die Raad van Trustees oorweeg word, maar daar moet in elke geval afsonderlik aansoek gedoen word, bv. in die geval van 'n gestremde ouer kind.

15. **Mag 'n inwoner troeteldiere aanhou?**

Ja, 'n maksimum van twee klein hondjies mits hulle aan die reëls van die landgoed voldoen**.**

16. **Hoe groot is my tuin?**

'n Area word aan elke eienaar toegeken om tuin te maak. Dit word op die terrein bepaal en verskil van eenheid tot eenheid. Party eienaars verkies om skermmure om die tuin en kuier area op te rig.

17. **Kan ek my eie DSTV-skottel installeer?**

- Ja. Installasie moet deur ‘n goedgekeurde installeerder volgens voorskrif gedoen word, verkieslik wanneer die eenheid gekoop word.

- Intekening by DSTV-dienste is vir die eienaar se rekening.

18. **Hoe bekom ek ‘n eenheid en wanneer kan ek intrek?**

- Kontak een van die agente om ‘n eenheid te kies en ‘n koopooreenkoms te teken. Bouwerk sal begin na registrasie van die basiseenheid of die reg tot uitbreiding in die koper se naam.

- Die okkupasiedatum sal afhang van die tipe eenheid en fase.

19. **My bestaande eiendom moet verkoop word om hierdie aankoop te finansier?**

- Die ontwikkelaar aanvaar nie koopooreenkomste onderhewig aan die verkoop van ‘n bestaande eiendom nie.

- Finansiering of oorbruggingsfinansiering moet gereël word. Ons kan u daarmee behulpsaam wees.

20. **Ek is ‘n belegger, mag ek my eenheid verhuur word?**

- Ja, maar permanente inwoners moet net 50 jaar of ouer wees.

21. **Hoe ver is winkels en ander fasiliteite?**

- 15km na Mookgophong (Naboomspruit).

- Daar is ‘n geriefswinkel op die terrein wat in die daglikse behoeftes van inwoners voorsien.

22. **Hoeveel huise is daar by Die Oog Aftree-landgoed?**

- 200 eenhede in Fase 1

- 600 voorsien in verdere fases 2 en 3.

- 50 voorsien Midsorgeenhede (“assisted living”) in toekomstige fases.

- 40 “lodge”-eenhede in toekomstige fases.

23. **Waar is Die Oog Aftree-landgoed geleë?**

- 15km Noord-wes van Mookgophong (Naboomspruit), 175 km vanaf Pretoria op die N1 Noord.

24. **Hoe werk die Midsorg ("assisted living")?**

Hierdie eenhede bied 'n spesiale kombinasie van behuising, persoonlike ondersteuning en gesondheidsorg met die doel om te voorsien in die behoeftes, geskeduleer of andersins, van diegende wat hulp benodig met die vereistes van hul daaglikse lewensaktiwiteite. Dienste wat voorsien word in hierdie akkommodasie sluit gewoonlik die volgende in:

- Daaglikse maaltye bedien in die eenheid of 'n gesamentlike eetplek.
- Huishoudelike dienste.
- Vervoer.
- Hulp met eet, bad, aantrek, toilet en stap.
- Toegang tot gesondheids- en mediese dienste.
- 24 uur sekuriteit en beskikbaarheid van personeel.
- Nooduitroep-stelsels vir elke eenheid.
- Bevordering van gesondheid en oefenprogramme.
- Medisyne-bestuur.
- Persoonlike wasgoeddienste.
- Sosiale en ontspanningsaangeleenthede.